# Les 1 Die Wet van die Here.

Vandag gaan ons kyk na een belangrike woord in die Bybel. Hierdie woord is:

Die wet!

.

Kom ons kyk wat leer die Bybel ons wat beteken hierdie woord!

**1. Die Tien Gebooie.**

Kom ons maak almal ons Bybels oop by Exodus 20. Die eerste teksvers klink só: "Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:" Die Here kondig al hierdie gebooie aan om vir sy kinders te wys hoe die Here wil hê dat hulle moet lewe. Ons leer hierdie gebooie baie keer in die erediens.

Kyk 'n bietjie hoeveel gebooie gee die Here vir sy kinders!

Die eerste een begin by vers 3, "Jy mag nie ander gode hê nie." Die tweede een begin by vers 4: "Jy mag vir jou nie 'n beeld of enige afbeeldingmaak nie." Die derde gebod begin by vers 7: "Jy mag die Naam van die Here jou god nie misbruik nie en die vierde een begin by vers 8: "Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou."

Hierdie 4 gebooie gaan oor hoe ons God moet liefhê.

Kyk gou na verse 12 tot 17 en tel hoeveel gebooie is daar dan nog! Daar is nog ses. Só almal saam is dit 10. Die Here gee ons tien Gebooie om te wys hoe ons God en ons naaste moet liefhê.

**2. Die wet.**

Terwyl julle nou die Bybel oophou by die Tien Gebooie, kom ons blaai na Romeine 2 verse 17 tot 24. Kom ons lees eers net verse 17 en 18!

17 Jy, jy sê jy is 'n Jood, jy verlaat jou op die wet van Moses, jy beroem jou daarop dat God
jou God is, 18 jy ken sy wil en jy onderskei die dinge waar dit werklik op aankom, omdat jy
deur die wet onderrig word..

Hier noem Paulus nou twee woorde. Hy praat van die wet van Moses of sommer dan kortweg net die wet. Waarvan praat Paulus wanneer hy praat van die "wet van Moses" of van "die wet"?

Ons moet altyd na die Bybel kyk wanneer ons wil weet wat beteken die woord wat ons nie verstaan nie. Die Bybel self verduidelik ons wat die woorde in die Bybel beteken.

Kom ons lees nou verse 21 tot 23!

.21 jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel
jy nie? 22 Jy wat sê 'n mens mag nie egbreuk pleeg nie, pleeg jy nie egbreuk nie? Jy wat 'n
afsku het van afgode, beroof jy nie hulle tempels nie? 23 Jy wat jou op die wet beroem, doen
jy God nie oneer aan deur sy wet te oortree nie? 24

Dadelik, net na Paulus gepraat het van die wet, wys hy wat bedoel het as hy praat van die wet.

Paulus noem hierdie twee gebooie: Jy mag nie steel nie en jy mag nie egbreuk pleeg nie. Waar kry hy dit vandaan? Kyk na die Tien Gebooie en kyk waar kry hy hierdie twee gebooie vandaan!

Dit is verse 15 en verse 14 in Exodus 20.

So wat noem Paulus die Tien Gebooie? Hy noem dit die wet of die wet van Moses. Dit het hy nie sommer self uitgedink nie. Dit is hoe die Here se gebooie van die begin af genome is. Luister na hierdie vers uit Deuteronomium 6 vers 1: "Dit is die wet, die voorskrifte en die bepalings, wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer, sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem."

Moses wys dat die Here se gebooie, bepalings en voorskrifte is die wet van die Here!

Wanneer Paulus praat van "die wet" of "wet van Moses" is dit altyd die reëls van die Tien Gebooie. Dit is waar van die hele Bybel. Die Tien Gebooie van die Here is die Here se wet.

**3. Verskillende woorde in die Bybel vir die wet van die Here.**

In die Bybel kry ons baie verskillende woorde wat heeltemal anders klink, maar al hierdie woorde gaan oor die Tien Gebooie. Die beste gedeelte in die Bybel om dit raak te lees is Psalm 119.

Ons gaan nou na ŉ paar van hierdie verse luister en dan kyk julle of julle in hierdie vers wat julle hoor kan raaksien watter ander woord of woorde, want party keer is daar sommer twee verskillende woorde in een sin, word hier gebruik vir die wet van die Here, dit is vir die Tien Gebooie.

3.1 "[2] Dit gaan goed met die mens wat sy verordeninge gehoorsaam, dié wat met hulle hele hart sy wil doen."

Kan julle dit raaksien? Die ander woorde vir wet van die Here in hierdie vers is 1. verordeninge en 2. sy wil.

Die Tien gebooie is die wil van die Here oor hoe ons moet leef en die wet van die Here is hoe die Here orde in ons lewe bring.

3.2 Kom ons kyk na nog ŉ vers! " [4] U het U bevele gegee dat dit ten volle uitgevoer moet word."

Kan julle die woord raaksien? Dit is "bevele", die Here se bevele is die Tien Gebooie. En dan verduidelik die vers sommer wat beteken "bevele". Dit is opdragte van die Here, dit is nie sommer net wat die Here dink of voel nie. Hierdie opdragte van die Here moet ten volle uitgevoer word. Dit is nie bedoel om sommer net ŉ bietjie of net dele daarvan uit te voer nie. Dit moet volledig uitgevoer word.

3.3 Kom ons kyk na nog ŉ vers! "[5] As ek tog maar net op ŉ vaste koers kan bly en my aan u voorskrifte hou." Wat is die ander naam vir die Tien Gebooie in hierdie vers? Dit is voorskrifte. En dan verduidelik die vers ook sommer hoekom word die

gebooie van die Here “voorskrifte” genoem. Want hierdie gebooie gee jou ŉ vate koers in die lewe. Daarom word die gebooie “voorskrifte” genoem: dit gee vaste koers.

3.4 Kom ons kyk na nog ŉ vers! “[7] U bepalings is regverdig! As ek hulle ter harte neem, sal ek U loof met ŉ opregte hart.” Watter ander woord word hier die die Tien Gebooie gebruik? Dit is die woord “bepalings.” Die woord bepaling wys dat die Here is wat bepaal wat is reg en wat is verkeerd. Hy besluit wat is reg en verkeerd en Hy wys ons wat is reg en verkeerd. Daarom is die Tien Gebooie die Here se bepalings.

3.5 Kom ons kyk na die laaste woord wat vir die Tien Gebooie gebruik word! “Laat u woord my op die regte pad hou.” Wat is die ander woord vir “gebooie” in hierdie vers? Dit is die woord “u woord”. Dit wys ons dat die Here se Gebooie is die manier waarop Hy altyd vir ons self wys wat Hy wil hê. Hy gee nie vir ons sy gebooie en dan los Hy ons om dit self uit te sorteer nie. Hy is altyd by ons en Hy self wys en vertel ons wat Hy wil hê op so manier dat ons sy woord hoor.

**4. Samevatting.**
Die Tien gebooie is die Here se wet.

Daarom kan jy elke keer as jy die woord “wet” in die Bybel lees of hoor dadelik na die Tien Gebooie toe gaan en daarna kyk. Jy sal nooit verkeerd wees nie. Want die Tien Gebooie is die Here se wet.

Die Here se gebooie het ook ander name wat vir ons wys hoe werk die wet van die Here. Hulle is :

Verordeninge;
Bevele;
Voorskrifte;
Bepalings en
Woord of woorde.

Al hierdie name is maar net ander woorde vir die gebooie van die Here. Al hierdie name gaan oor die Tien Gebooie.

Dit maak Bybellees baie maklik. Want elke keer as jy een van hierdie woorde hoor dan kan jy maar net blaai na Exodus 20. Al hierdie verse wat jy lees gaan vir jou iets van die Tien Gebooie vertel en verduidelik.

Dit is baie maklik om die Bybel so te leer lees. Daarom sê Dawid in Psalm 19 van die wet van die Here: “[8] die bepalings van die Here is betroubaar, dit gee wysheid aan die eenvoudige.” (Nuwe Afrikaanse vertaling)